http://www.christelikebiblioteek.co.za of http://proregno.com
Jaargang 6, Nr 1 • GRATIS!

# Kelkiewyn

**Roepstem uit die Dorsland**




## Die krag van my roeping.


## Leef jou roeping uit!

## Wie roep wie? Vir wat?

## Beplan jou roeping ...





# Die krag van my roeping

Wanneer iemand wonder in watter beroep hy of sy moet staan, kan dit 'n baie frustrerende tyd wees. Daar is soveel beroepe om te beoefen, maar wat is die regte beroep vir my? Tog hoef dit nie vir 'n gelowige 'n stryd sonder 'n einde te wees nie. Die antwoord lê voor-die-hand-liggend: daar is 'n verskil tussen 'n *beroep* en 'n *roeping*. 'n Beroep is die werk wat jy doen waarvoor jy gewoonlik opgelei word en geld kry as jy dit uitvoer waarvoor jy opgelei is. 'n Roeping is om 'n duidelike opdrag van God oor jou gawes te gehoorsaam. Wanneer 'n mens insien dat jou beroep eintlik 'n roeping moet wees, dan kom daar baie rus in 'n mens se lewe.

## Op my naam geroep

God help sy kinders om hulle roeping te ken. Hy doen dit deur sy Woord, die Bybel en die Heilige Gees. As God jou roep dan doen Hy dit met sy stem. Sy stem is sy Woord. Sy Woord is die Bybel. Hoe meer jy die Woord lees, en hoe meer jy vir God vra wat jou roeping is, hoe duideliker word die antwoord. Jy moet egter weet dat God nie alles gelyk sê nie. Hy troos ons deur te sê dat Hy elkeen van sy kinders op sy Naam roep. Dit beteken dat God jou nader roep na Homself toe. Wanneer jy nader gaan in gehoorsaamheid aan God, dan eers maak God ook aan jou bekend watter spesifieke werk Hy deur jou lewe wil verrig.

## Uitroep

As God so roep na iemand, dan roep Hy jou ook weg van iets af. Dit beteken dat mens dikwels jou eie planne en jou eie insigte agterweë moet los. God roep ons weg van ons sondige lewe en weg van 'n sondige wêreld wat niks van God se roeping wil weet nie. Hierdie is 'n baie belangrike stadium in 'n mens se roeping. Hier voel dit vir 'n mens asof jy nie eintlik iets anders het om op te vertrou behalwe God se beloftes en sy bevele nie. Dit is ook presies wat moet gebeur. God wil dat ons aan Hom wys dat ons uitgeroepte mense is, deur te doen wat Hy ons opdra. Wanneer die Heilige Gees ons deur die Woord in ons harte gerusstel, as ons op God se beloftes bou, dan is daar groot krag in ons lewe. Dit gee ons die moed om dinge aan te pak wat ons andersins nie sou doen nie. Vir ander mense lyk dit baie keer onlogies wat ons doen, maar 'n kind van die Here wat met sy roeping besig is, beleef die gerusstelling van God se stem in sy hart.

## Oproep

Deel van God se roeping is dat Hy ons oproep om die gawes wat Hy ons gegee het, gehoorsaam in sy diens te stel. Elke gelowige moet homself afvra: is die gawes wat ek van die Here gekry het, in diens van die Here. Of gebruik ek die gawes wat ek gekry het, net vir my eie selfsugtige voordeel. God gee nooit gawes net vir een mens se gebruik nie. Hy het altyd die bedoeling dat die een se gawes tot almal se voordeel moet wees. Hierin is daar groot roepingsvervulling.

## My lewe het sin


- Wanneer jy God se roepstem hoor en dit gehoorsaam, dan begin jou lewe vastigheid kry.
- Wanneer jy die Here vra wat sy roeping vir jou lewe is, neem dit die spanning van jou weg om self te besluit.
- Wanneer jy jou gawes ken en in diens van God stel, word jou lewe baie sinvol.
- Die Here wil dat beroepskeuses nie net gedoen word op grond van die volgende vrae nie:
- Waarvan hou ek?
- Hoeveel geld gaan ek maak?
- Heel eerste moet ek biddend vir die Here vra:
- Wat wil U met my lewe doen?
- Waarvoor roep U my?

Die antwoord daarop sal jou die krag en die vermoë gee om jou roeping suksesvol uit te voer. Hierin is die lewe van 'n geroepe mens baie meer vreugdevol as ander mense wat net vir hulle self lewe.

## Waarvoor roep God jou?

Mag hierdie uitgawe van die Kelkiewyn jou help om biddend agter te kom waarheen God jou wil stuur en waarvoor Hy jou wil gebruik in die lewe.

Dr. Wikus Buys








# ROEPING

**1 Sam 17:45: "Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het."**

**Geroep tot aktiewe diens**
Die geskiedenis van Dawid en Goliat is ongetwyfeld een van die bekendste gebeure in die Skrif. Dit is 'n gebeurtenis waaruit die koninklike majesteit van die Here heerlik en helder straal. Tegelyk word ons daarmee onderrig oor ons gelowige ampsbediening.

**Uitdaging**
Goliat word in die Skrif voorgestel as 'n baasvegter in die Filistynse leer. Sy voorkoms is indrukwekkend. Buiten dat hy 'n reus is (hy is meer as drie meter lank), hanteer hy die mees gevorderde wapentuig van daardie dae. Daarby beskik hy ook oor die vermoë om met sy woorde ontsag in te boesem.

Dit was Goliat se gewoonte om soggens en saans uit die Filistynse laer uit te trek en die leer van die Israeliete met sy geskreeu te beïnvloed. Die boodskap wat hy oordra, is duidelik: "Ek daag die slagordes van Israel vandag uit!" Hierdie uitdaging is meer as bloot sielkundige oorlogvoering. Goliat daag die "slagordes van die lewende God" uit. Hy daag God self uit. Hy sê teen die verbondsvolk en die Verbondsgod die stryd aan.

**Reaksie**
Koning Saul en die manskappe van Israel se reaksie op Goliat se uitdaging, is ontstellend. Hulle was verskrik en baie bevrees. Waarom? Omdat hulle hulself blind gestaar het teen die goed gewapende heidense reus. Hulle vrees vir die mens oorheers hulle eerbied vir die lewende God.

Niemand sien kans om die lasterende baasvegter te weerstaan nie. Koning Saul gaan selfs sovêr om 'n beloning uit te loof vir die man wat die godslasteraar verslaan. Dit getuig nie van moedige optrede in diens van God nie. Inteendeel, hier is ongeloofsreaksie op die blatant Godsonterende uitdaging.

**Roeping**
As Dawid hoor wat in die kamp van die Israeliete gebeur, oorval verbasing hom. Wie is hierdie onbesnede Filistyn, dat hy die slagordes van die lewende God durf uitdaag? Waar is die Godsvrees van Israel dat hulle niks aan hom doen nie? Dawid begryp onmiddellik waarop die heiden se uitdaging neerkom. Dit gaan oor 'n klein mensie wat die ryk van Satan verkies om hom teen die almagtige God te verhef.

Ooreenkomstig sy geloofsinsig in die gebeure, tree Dawid op. Hy maak geensins gebruik van Saul se wapens nie - dit sou beteken dat hy op die reus se vlak neerdaal en op sy terme teen hom sou stry.

Dawid gaan die reus tegemoet in die Naam van die Here van die leërskare - met 'n eenvoudige slingervel en klippies. In dit alles wys Dawid dat hy as gesalfde koning in diens van die Here reeds verstaan wat sy roeping beteken. Die Here word beledig. In die Naam van die Here moet daar gestry word. Daardie stryd moet plaasvind met die wapens wat die Here daarvoor beskik. Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees - sê die Here van die leërskare.

**Aksie**
Wie sy roeping voor die Here verstaan, verstaan ook dat daar tot kragdadige aksie oorgegaan moet word. Dawid het die reus tegemoet gegaan. Hy knoop die stryd aan met sy skaapwagterstoerusting. Die uitslag is oorweldigend. Die kragtige wapentuig van die heidense reus hou nie stand voor die eenvoudige werktuie van die Here se getroue ampsdraer nie. So het Dawid dan die Filistyn oorweldig met 'n slingervel en 'n klip.

**Roepingsaksie versus uitdaging - reaksie**
In sy eerste openbare optrede het Dawid laat blyk wat dit beteken om op sterkte van die Here se roeping tot vreeslose, beginselvaste aksie oor te gaan. Sy optrede staan lynreg teenoor Saul se vreesagtige reaksie op 'n heidense uitdaging.

Hierin spreek die Here al sy geroepe diensknegte - al sy kinders in hulle amp van gelowige - aan. Hy eis roepingsbewustheid. Dit staan teenoor passiewe wag op 'n uitdaging. Hy eis verder beginselvaste, positiewe aksie. Dit staan teenoor reaktiewe optrede wat deurgaans geken word aan negatiewe vrees, wat op sy beurt aangedryf word deur menslike willekeur. Die lewe van die gelowige is geen stryd om oorlewing nie. Dit is wel diensbaarheid aan die lewende God. Die stryd behoort aan die Here. Die lewe behoort aan die Here. Dit is die gelowige se roeping om uit hierdie wete in Godsvrees te wandel.

Ds. Gerard Meijer



# Leef jou roeping uit!

Die Bybel gee antwoorde oor die beginsels van roeping.

Lees gerus Lukas 19:11-27.

In die gelykenis leer ons van ŉ Roeper wat ŉ opdrag gee aan geroeptes, maar ons leer ook van gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan die opdrag.

**Snap dít oor roeping**

*Hy wat alles in hemel en op aarde gemaak het (jou inkluis), is die Een wat die vermoëns om take uit te voer ook uitdeel.*

Jou doel en jou vermoëns loop met ander woorde hand aan hand, want God weet wat om vir jou te gee.

Ons Almagtige Vader, wat alles vir jou wil gee, ons Koning wat vir jou alles kan gee, deel ook jou vermoëns uit om te gebruik in die doel wat hy vir jou in die lewe het.

*Jy kan jou ingesteldheid oor die vermoëns wat uitgedeel is en die nakoming van jou roeping, toets aan die basiese belofte van die verbond.*

God kom sê basies altyd, in die verbond wat Hy met jou sluit: "*Ek sal vir jou ŉ God wees, maar jy moet vir my ŉ volk wees.*" Ek kom maak wonderlike beloftes vir jou, maar jy het verantwoordelikhede om na te kom vir My.

Ek gee aan jou talente en vermoëns om sekere take uit te voer, maar jy moet verantwoordelik daarmee omgaan.

*Van elke mens verwag God sekere dinge – nie alle dinge of dieselfde dinge van alle mense nie.*

Daar is sommige dinge wat God van almal verwag, soos geloof, gebed, daaglikse bekering en gehoorsaamheid, maar daar is ook spesifieke dinge wat net vir jou geld.

Aan al die volgelinge van die Here, word dus talente en geleenthede gegee. In almal word daar spesifieke moontlikhede gelê.

In almal is daar iets wat nie in iemand anders is, soos dit in *jou* is nie. Jy moet daardie eienskappe ontwikkel.

*Belangstelling en roeping loop gewoonlik saam.*

Jy weet wat die goeie dinge is waarin jy belangstel. Dit is gewoonlik ook die dinge waarin jy vreugde vind en die dinge wat jy nie te sleg regkry nie. Dit is die dinge wat jy moet ontwikkel in jou roeping. Die Here kom op ŉ tydstip in jou lewe na jou toe en roep jou om iets, in gehoorsaamheid aan Hom, te doen.

Iets waarin jy met die talente/ vermoëns wat hy vir jou gegee het werklik ŉ verskil kan maak. Waarin jy God kan dien en jou medemens behulpsaam kan wees.

*Een persoon se werk is nie belangriker as ŉ ander een s'n nie. Ons opdragte verskil net.*

Bedieningswerk in ŉ gemeente en ŉ beroep daarin, behoort nie met meer erns opgeneem te word as die roeping om ŉ loopbaan in die



Roeping is ŉ saak wat elkeen van ons aanspreek, want die Here roep elkeen van Sy kinders om Hom te dien met die gawes wat Hy aan elkeen van ons gegee het. Soms hoor ons duidelik, soms hoor ons nie so duidelik wat die Here wil hê ons moet doen nie.

Wat ons wel seker weet, is dat elkeen van ons as gelowiges die verantwoordelikheid het om met groot sorg ons roeping uit te leef, want elkeen van ons het ŉ roeping. In hierdie uitgawe wy ons ŉ hele aantal artikels aan dié onderwerp.

Dr. Wikus Buys raak **Relevant** met "Die Krag van ons Roeping", ons word opgeroep om met **Ywer** te soek na ons roeping en dr. Gerard Meijer bespreek "Roeping" in **Mikpunt**.

Die **Kuikens** kan lees van Gideon se roeping, ds. Hannes bespreek "Roeping in Teëspoed" in **Leef** en Morné kyk na die "Beplanning en Uitvoering van my Roeping" by **Verbonde**.

Ds. Koos le Roux **Oordenk** Jesaja 6 en raak besonder Jesaja se roeping aan. Onder **E-vangelie** stel ons jou bekend aan ŉ webtuiste "*Glo die Bybel*" en ook ŉ skakel om die nuutste navorsing oor *homoseksualisme* te kry.

**Wie is in beheer** is oudergewoonte weer ingesluit en met hierdie uitgawe kyk ons na *God wat die geskiedenis beheer*, **Maatstok** meet ŉ dvd oor *Aborsie* en Cynthia het vir ons ŉ resep vir *Mieliepap Muffins* **Opgedis.**

Die deputate owerheidsake van die GKSA het onlangs getuienis gelewer teen die goedkeuring van drie pornografiese kanale op die televisie. Ons plaas die oproep ook.


Dit is ons bede dat die *Kelkiewyn* jou in jou geloofslewe sal toerus. Geniet elke eier hierin gelê en mag die roep van die *Kelkiewyn* in jou hart broeiplek kry en in jou lewe opvlieg!


## Redaksie

**Redakteur**
Ds. Neil Prinsloo
redakteur@kelkiewyn.za.net
+264 81 -294 0055



**Taalsuiwerheid**
Tienie Duvenhage
info@uitspanhunting.com



**Bladuitleg**
Dina Adamson
dina.adamson@iway.na



bank, in die onderwys, in die medici, by RCC, in die poskantoor of in die winkel wat jy bedryf, op te volg nie.

Almal van ons het ŉ roeping! Jy het dus eie talente, eie geleenthede, tyd en vermoëns van God af ontvang om jou eie roeping gehoorsaam na te kom. Jy moet dit gebruik en jou vermoëns ontwikkel.

### Vermoë en roeping

Aan elkeen van die geroeptes is die talente/ponde gegee om die opdrag te kan uitvoer. In Matteus 25:15 word bygevoeg: "*aan elkeen na sy vermoë*;".

Ons Here Jesus is die man van hoë geboorte in die gelykenis van Lukas 19. Hy het op reis gegaan om ŉ koningskap te ontvang, maar vooraf het Hy sy diensknegte almal geroep en hulle het ŉ opdrag gekry.

So doen Hy ŉ beroep op ons om ŉ opdrag uit te voer tot Hy weer kom. Hy gee egter ook die vermoë om dit te kan doen.

Toe die dag gekom het waarop almal weer bymekaar geroep word om aan hierdie Roeper verantwoording te doen vir dit wat Hy uitgedeel het, moes daar ook gekyk word of elkeen na eie vermoë opgetree en presteer het.

Van almal is nie verwag om dieselfde prestasie te lewer nie.

Almal in ons samelewing kan en mag ook nie dieselfde beroep volg nie. Daar moet generaals en manskappe wees. Daar moet ouens wees wat die planne maak, drome droom en ander wat die drome werklikheid maak.

Almal het egter ŉ roeping. God roep jou om Hom te dien met die verstandelike, geldelike en fisiese vermoëns wat Hy vir jou gegee het.

God roep jou op die plek waar Hy jou plaas, met die mense wat rondom jou is, in die tydgleuf van Sy raadsplan waarin jy leef, met die roeping wat Hy op jou pad bring. Daarom kom daar niks verniet op jou pad nie. Daar is nie so iets soos toeval nie.

Roeping beteken dat elkeen sal presteer en werk en sy taak sal uitvoer volgens die vermoë en geleenthede wat hy van die Roeper ontvang.

Ons is dus nie in die lewe om passasiers of toeskouers te wees, wat net saamry of kyk hoe die ander speel nie.

Die een dienskneg het "*gedog*". Hy het gedog sy baas is ŉ harde man en toe doen hy maar liewer niks nie, want netnou doen hy iets verkeerds.

Almal van ons kry talente/vermoëns. Net soos in die gelykenis, kry jy meer talente by as jy die wat jy gekry het, gebruik.

As jy luister as jy geroep word, kom die toerusting en vermoëns. En as jy die roeping uitleef met toewyding, sal jou talente en jou geloof groei.

Die teendeel is egter ook waar. As jy nie luister as die Here roep nie en jou talente/vermoëns begrawe, verloor jy dalk ook daardie talente en selfs geloof wat jy gehad het. "*want ek sê vir julle: Aan elkeen wat het, sal gegee word, maar van hom wat nie het nie, sal weggeneem word ook wat hy het.* "

### Wees getrou

- met die vermoëns en talente wat God aan jou gegee het;
- met die geleenthede wat God aan jou bied;
- met die tyd wat God tot jou beskikking gestel het.

Jy het ŉ roeping. Leef dit!

Ds. Neil Prinsloo



# Wie roep wie? Vir wat?

**Lees: Jesaja 6**

Roep en roeping ... in ons grashalmpie-bestaan vra ons vrae, val ons rond, ploeter en wonder ons: wat behoort *ek* te doen? En so maklik raak ons verstrengel in ons vrae rondom onsself. Watter talente het *ek*? Watter belangstelling het *ek*? Hoe kan *ek* dit of dat bereik? ens... As Jesaja oor sy roeping skryf, dan is dit baie opvallend: Daar is nie 'n enkele *ek* vraag in Jesaja 6 nie. En dadelik lei die Heilige Gees ons deur die Woord tot by die regte antwoord: As jy oor roeping wil praat, vra of dink, begin waar Jesaja begin!

## Wie roep? (verse 1-4)

In die jaar toe koning Ussia van Juda sterf het Jesaja 'n kykie gekry Wie die Een is wat roep. Dadelik praat hy van heerlikheid en skepsele wat nie by die aardse skepping hoort nie. Die fokus is by die Een wat sit op die hoë en verhewe troon! *"Heilig, heilig, heilig"* weergalm dit van seraf tot seraf in die troonsaal van die hemel. So heilig is die Een wat op die troon sit, dat die serafs (hulle wat geen sonde het nie, wat nie deel in die sondeval nie) hulself bedek voor die heiligheid van God. Elkeen het ses vlerke, vier waarmee hul hulself bedek en twee om mee te vlieg. In Ps. 113:4-6 sing ons hiervan: *Die HERE is hoog bo al die nasies; bo die hemele is Sy heerlikheid. Wie is soos die HERE onse God, wat hoog woon, wat laag neersien in die hemel en op die aarde?*

Ons mag nie as ons oor roeping dink, ooit vergeet *Wie* die Een is wat roep nie. Dis die HERE van die leërskare!

## Wie roep wie? (verse 5-7)

Die openbaring van die HERE laat Jesaja in verwondering. Dadelik daarna sien jy jouself raak. Ek met my onmag om voor God te verskyn en bruikbaar te wees in Sy hand. Ek, gebroke, vol sonde ... wat tussen mense woon wat verkeerd praat op 'n aarde vol onreinheid.

Die geweldige troos is dat God diegene wat Hy roep, rein verklaar. In Jesaja 6:7 hoor ons hoe 'n seraf met 'n gloeiende kool Jesaja se lippe aanraak om hom skoon te maak. Hierdie simboliese handeling wys dat sonde rein gemaak kan word; dat reinmaking van God af kom en dat die reinmaking aan God se vuur verbind is. In die Persoon van Jesus Christus kry ons die volle verstaan van wat hier bedoel word, veral nog as ons die vuur verbind aan God se brandende heilige liefde wat Hy in Homself het. Daardie brandende heilige liefde van God wat uitgegooi is op die kerk, waarvan ons lees in Handelinge 2 toe die Heilige Gees uitgestort is.

## Waarvoor geroep? (verse 8-13)

Dis gewoonlik hier waar ons vashaak, as ons oor ons eie roeping dink. Daar is drie vlakke wat ons in gedagte moet hou oor ons roeping:

Daar is die roeping wat vas is aan jou uitverkiesing en wedergeboorte. Dit is die roeping van die Heilige Gees deur die Woord wat gaan oor my verlossing in Christus. Die roeping wat 'n hart, wat dood is in die sonde, hoor en lewendig word in die Heilige Gees, om deur die ware geloof deel te kry aan Christus en ál Sy weldade. Die eerste vlak van roeping het in die uitverkorene gerealiseer as hy/sy in sy/haar hart wéét dat ek in lewe en sterwe aan Christus behoort.

Met die vervulling van die Ou Testament wat in Christus plaasgevind het, is elkeen wat geroep is om kind van God te wees, óók geroep tot die amp van gelowige. Ek is 'n priester, profeet en koning - geroep dat Christus in my lewe Sy Vader kan verheerlik. As priester moet ek my lewe offer as 'n dankoffer aan Hom wat in Sy groot ontferming aan my die lewe in oorvloed geskenk het. Ek moet ook as priester bid vir myself en ander mense. As profeet moet die Naam van God nie vreemd wees vir my mond nie. Ek moet Sy Naam verkondig in woord en daad. As koning moet ek deur die krag van die Gees van Koning Christus blymoedig stry teen die sonde, aangesien Christus alreeds die oorwinning behaal het.

Die derde vlak is om my lewensenergie op die plek aan te wend waar die Here my wil gebruik in sy diens. Nou is die vraag: Wáár is dit?

Jesaja 6 leer ons om, soos die profeet van ouds, ons harte en gedagtes te rig op die Almagtige wat op die troon sit en mense stuur. Verder moet ons onsself aanhoudend verootmoedig voor die troon van genade. En bid die Here dat Hy u roeping aan u bevestig deur Sy Gees. Geliefde leser, mag u krag ontvang om werklik in uself stil te word en Hom te hoor wat roep.

Sing gerus Psalm 131:2

Ds. Koos le Roux



# God beheer die Geskiedenis

Tot dusver het ons gesien dat God alles beheer, ook die redding van mense wat Hy uitverkies het. God die Vader het sekere mense uitverkies om gered te word; God die Seun het gesterf om hulle te red; en God die Heilige Gees gee aan hulle nuwe geestelike lewe. Maar beheer God alles volgens ‘n voorafbepaalde plan of verander Hy gedurig van gedagte? In hierdie artikel sal ons sien dat God alles beheer volgens ‘n vaste en definitiewe plan.

Meeste mense sal waarskynlik saamstem dat God alles weet wat in die toekoms gaan gebeur. Dus, as God alles weet wat in die toekoms gaan gebeur, kan dit slegs beteken dat Hy in die verlede moes besluit het wat gaan gebeur, want as God nie besluit het wat gaan gebeur nie, sou Hy nie vir seker geweet het wat sou gebeur nie. God se voorkennis laat nie dinge gebeur nie; hulle gebeur omdat Hy reeds besluit het dat dit sal gebeur. In die Bybel sê Handelinge 15:18: *Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend*. Dit beteken dat God ‘n definitiewe plan het. Hy verander nie van gedagte nie.

### God se plan met die skepping.

Die Bybel vertel ons in Spreuke 16:4 dat God alle dinge vir Homself gemaak het. In Openbaring 4:11 sê die Bybel dat God alles geskape het omdat Hy wou. Toe God die aarde geskape het, en veral toe Hy die mens geskape het, was sy doel om sy eie heerlikheid te toon. Tog het God geweet dat die mens, voor Hy hom geskape het, boos sou word. Dus, voordat die aarde geskape is, het God besluit dat die mens deur die Here Jesus Christus gered sou word. Ja, die verlossing van sondige mense deur Jesus Christus was deel van God se plan voordat Hy die aarde geskape het. God het beplan om sy goedheid te wys deur die verlossing van baie sondaars. Sedert God die aarde geskape het, beheer hy dit en is dus in staat om sy plan om mense te red, uit te voer.

### Hoe werk God in die lewe van sy kinders?

*God maak sy kinders geestelik lewend.* In hulleself is hierdie mense net soos al die ander. Hulle wil God nie meer gehoorsaam wees as die ander nie. God verander egter die natuur van die mense wat Hy uitverkies het sodat hulle in der waarheid heilig wil wees en Hom wil gehoorsaam. Hierdie verandering is so groot dat ons praat van wedergeboorte. Om geestelik lewend gemaak te word, is nie bloot ‘n verandering van gedagte wat net ‘n kort tydjie duur nie. Dit is ‘n totale verandering wat die hele persoon affekteer. Dit duur vir ewig en is geheel en al volgens God se plan.

*God gee sterkte en krag aan sy uitverkorenes.* Deur sy krag is sy volk in staat om te doen wat Hy sê. Hulle is in staat om liefde, blydskap, vrede, geduld, sagmoedigheid, goedheid, geloof, nederigheid en selfbeheersing in hulle lewens te wys.

God lei sy uitverkorenes om die dinge te doen wat Hom behaag.

God sorg vir sy volk sodat hulle kan voortgaan om Hom lief te hê en Hom te dien.

Op al hierdie maniere voer God sy doel uit om baie mense te red van hulle sonde.

### Hoe beheer God bose mense?

*God keer soms bose mense om hulle bose dade uit te voer.* In Numeri 23 vertel die Bybel ons van ‘n man genaamd Bileam wat gehuur was om God se volk, die Israeliete, te vervloek. Bileam self wou hulle vervloek, maar God het hom gestop. In plaas daarvan dat hy hulle vervloek, het God gemaak dat hy hulle seën. God stop dus soms mense om bose dinge te doen.

*God verander die gedagtes van mense sodat hulle Sy wil doen.* God se volk, die Israeliete, is deur die Persiërs gevange geneem. God het egter die koning van Persië die opdrag laat gee dat die Tempel van God in Jerusalem herbou moet word. Koning Kores was ‘n baie bose man, maar God het sy gedagtes verander sodat hy God se wil gedoen het.

*God laat soms die goeie voortvloei uit die bose dade van bose mense.* Dit word bo alles gewys in die kruisiging van die Here Jesus Christus. Hoewel bose mense Hom bloot wou doodmaak, was dit deur sy dood aan die kruis dat hy al God se uitverkorenes gered het van hulle sonde.

*God laat bose mense nog boser word.* Hy verhinder dat hulle raaksien wat goed en waar is. God het dit gedoen met Farao, die koning van die Egiptenare, sodat hy wreder en wreder teenoor die Israeliete geword het. Dit is soms moeilik om te verstaan hoekom God sulke dinge doen. Waarvan ons egter seker kan wees, is dat God sy grootheid en krag in die proses sal toon. God kan nie ‘n fout begaan nie.

### God het ‘n definitiewe doel met sy beheer oor die wêreld en die mense daarin.

God se doel is om ‘n menigte mense te red van hulle sondes. Hy gee aan sy uitverkorenes geestelike lewe, krag, leiding en beskerming. Hy bedwing, versag, rig of verhard wat bose mense doen. Alles word dus beheer deur God en Hy voer sy plan om sy volk van hulle sondes te red, perfek uit. Hoe wonderlik is God se wysheid en heerlikheid! Geen wonder dat Christene Hom loof vir wat Hy is en vir wat Hy gedoen het nie!

Lees ook:

Filippense 2:12-13; 2 Tessalonisense 2:13; Lukas 10:21-22; Johannes 6:37 en 2 Timoteus 1:8-9





# Onderwys, ons roeping!

## Die Vereniging vir Akademie Reformatoriese Studies

**'n Onafhanklike, nie-winsgewende organisasie wat hande vat met die privaatsektor en publiek om gehalte-Christelike onderwys in Namibië te bevorder.**

### Veldtogte geloods

**Opskerp**
Bied kwaliteit kursusse aan bestaande onderwysers om op te tree en klas te gee as goed toegeruste kwaliteit-Christen onderwysers.

**Handboek**
Versprei en ontwikkel kwaliteit-Christelike leermateriaal.

- Verskaf saam met Danaldij boekhandel kwaliteit-Christelike handboeke aan privaatskole, tuisskool ouers en sommige staatskool onderwysers sedert 2004.
- Berei gehalte Engelse Christelike skoolhandboeke voor om voor te lê aan die Namibiese Onderwysdepartement vir gebruik in die openbare skole.
- Ontwikkel handboeke wat spesifieke behoeftes van Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië aanspreek.

**Kollig**
Plaas onderwys en onderwystoestande onder die kollig.

- 'n Vinnig groeiende groep vriende van Vars op Facebook ontvang daagliks nuus, artikels, handige wenke en sêgoed oor kwaliteit-Christelike onderwys.
- 5 Afrikaanse Privaatskool hoofde is prakties en teoreties bekendgestel aan kwaliteit Christelike Afrikaanse Onderwys in praktyk in die RSA, sodat hulle nog meer innoverend kan optree in Namibië se Christen Afrikaanse Privaatskole. 18 Besoeke en Seminare het plaasgevind onder leiding van Vars.
- Bekendstellings en bewusmakings by kerklike denominasies se vergaderings, verskeie skole se personeel; etlike skooldireksies en gemeentes.

**Akademie**
Oprigting van 'n privaat tersiêre instansie om Christelike onderwysers op te lei en navorsing oor Christelike onderwys te onderneem in Windhoek.

- Ontwikkeling van Namibiese B Ed grondslagfase graad
- Akkreditasie van kursus
- Registrasie van Akademie
- Inrigting van Mediateek
- Identifisering van klaskamers
- Werwing van dosente
- Oprigting van permanente kantoor in Windhoek

**Bekostig**
Vars gaan as nie-winsgewende organisasie met geen staatsubsidie die onderskeie veldtogte bekostig. Hiervoor het ons Finansiële ondersteuning nodig. Ons bekom die ondersteuning op verskeie maniere.

- Vars 45 Veldtog
  Hierin nader Vars die publiek om 'n aftrekorder te teken om minstens N$ 45 maandeliks te skenk vir die bevordering van kwaliteit-Christelike Onderwys.
- Fondswerwing van Gemeentes, Instansies, Trusts, Maatskappye, Individue.

Vat ons hande in die bevordering van gehalte-Christelike onderwys in Namibië. Maak gerus 'n donasie.

**Vir meer inligting**

Neil Prinsloo (081) 294 0044
vars@mweb.com.na
www.vars-onderwys.com

VARS
onderwys



Inisiatief Gereformeerde Kerke Waterberg-Namibië

# STOP PORNOGRAFIE

'n Belangrike saak om van kennis te neem. Alhoewel dié dinge in die RSA afspeel, sal alles in Nambië ook gebeeldsend word. Dieselfde oproep geld dus ook vir ons.

**DEPUTATE VIR OWERHEIDSAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA VERKLARING:**

**Insake: OKASA se Toekenning van 'n Lisensie aan Top Tv om Pornografie te Beeldsend**

1. Die Deputate vir Owerheidsake van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika neem met ontsteltenis kennis dat OKASA aan TOP TV 'n lisensie verleen om pornografie te beeldsend.

2. Die Deputate spreek sy teleurstelling uit oor OKASA se uitlating dat morele argumente nie oorweging verdien in die aangeleentheid nie. Volgens Mnr. Paseka Maleka, woordvoerder van OKASA, is die talle vertoë teen die toestaan van die lisensie verwerp omdat "die meeste van die vertoë wat teen die aansoek gerig is, berus op morele beginsels eerder as op navorsing wat 'n verband tussen pornografie en geslagsgegronde geweld kon aandui."

   Daarteenoor stel die Deputate dat moreel-etiese oorwegings, bewustelik of onbewustelik, altyd 'n rol speel in enige besluitneming. Morele oorwegings is veral belangrik in die aangeleentheid, omdat Suid-Afrika geteister word deur 'n buitengewone hoë verkragtingsyfer, 'n HIV pandemie en geweld teen vrouens en kinders. Dit is die mening van die Deputate dat die besluit van OKASA sal bydra tot die verdere morele verval van die Suid-Afrikaanse samelewing.

3. Artikel 2 (a) van die OKASA wet, Wet 13 van 2000, bepaal duidelik dat dit die doel van die Wet is om 'n liggaam (OKASA) daar te stel om die uitsaaiwese "in die publieke belang" te reguleer. Die Deputate daag OKASA om te verduidelik hoedat die negering van "morele beginsels" in die "publieke belang" kan wees. Hierdie besluit maak ook 'n karikatuur van regeringslui se herhaalde oproep om 'n "morele herlewing" in Suid-Afrika.

4. Die Deputate is van oordeel dat die besluit van OKASA ernstige inbreuk maak op die Grondwetlike grondwaarde van menswaardigheid. Pornografie objektiveer en kommersialiseer immers die menslike liggaam, fokus op obsene en perverse vorme van seksualiteit, en beeld veral vrouens as seksuele objekte uit.

5. Die Deputate vind dit jammer dat TOP TV kommersiële oorwegings belangriker beskou as die morele welstand van 'n samelewing wat reeds deur seksuele geweld en perversiteit geteister word.

6. Die Deputate wys alle Christene daarop dat God in sy Woord 'ontug en onsedelikheid in enige vorm verbied' (Efesiers 5:3). Christene word derhalwe opgeroep om hulle van TOP TV te distansieer en ondersteuning te weerhou, asook enige ander media wat in die toekoms dieselfde weg as TOP TV sou opgaan.

Ds Cassie Aucamp
Prof Francois Muller

+27 82 377 1112
+27 79 887 0023



# Die evangelie

## Glo die Bybel

Johannes 17: 17: “U Woord is die waarheid”

www.glodiebybel.co.za

Die doel van hierdie webblad is om vir mense te wys dat die Bybel geglo en verstaan kan word soos dit geskryf is. Daarom is een van die fokuspunte om te wys dat evolusie en lang tydperke (wat duidelik teenstrydig met die Bybel is) nie die Bybel verkeerd bewys nie, maar inteendeel, dat korrekte vertolking van oorsprong-wetenskaplike inligting juis die Bybel bevestig.

Daar word ook gewys waar daar dwaling in die kerk is met die doel om hierdie dwaling te weerlê en uit te wis. Dus is hierdie webblad nie ‘n aanval op die kerk nie, maar het ten doel om die Christelike kerk van dwaling te suiwer.


Enigeen is welkom om op hierdie blad te registreer. Gaan kyk gerus hier vir goeie artikels en kommentaar oor aktuele gebeure in en om die kerk.



### Nuutste navorsing oor Homoseksualiteit

Op www.mygenes.co.nz kan die nuutste wetenskaplike navorsing oor homoseksualiteit afgelaai word. Dit bestaan uit ‘n boek wat gereeld opgedateer word. Dit bevestig onder andere al meer en meer dat homoseksualiteit aangeleer word, en nie geneties of biologies van oorsprong is nie.

Vir ‘n opsomming, kyk http://www.mygenes.co.nz/summary.htm.




Hierdie 3 uur lange DVD is die beste dokumentêr oor die onderwerp. Dis egter nie vir sensitiewe kykers nie, maar ons moet weet van die euwels van ons sogenaamde moderne '*beskaafde*' tye, wat niks beter is as die sogenaamde '*primitiewe onbeskaafde*' verlede nie.

Op 'n stadium het ek gedink aborsie word vandag bloot uit gemaksug en eie plesier gedoen, en dat die koppeling tussen 'Moleg aanbidding/okkultisme' en die gruwel van die aborsie-moord dalk bietjie te dik is vir 'n daalder, maar hierdie deeglik gedokumenteerde DVD wys dat, in die VSA, die 'godsdienstige sakrament van aborsie' al lankal gekoppel is aan hekse-towery en ander okkultiese bedrywe.

**Hier is die inhoud van die DVD:**


Chapter 1 – Abortion: The Religion of Witchcraft and Child Sacrifice
Chapter 2 – Abortion in Biblical Perspective
Chapter 3 – Abortion … The Devil's Mousetrap
Chapter 4 – The Origin of Child Sacrifice
Chapter 5 – The History of Human Sacrifice
Chapter 6 – Modern Witchcraft and Child Sacrifice
Chapter 7 – Witchcraft, Feminism and Child Sacrifice
Chapter 8 – Do What Thou Wilt – Witchcraft and Satanism
Chapter 9 – Defeating Jezebel
Chapter 10 – Tearing Down the High Places

In Suid-Afrika is die DVD by ***Africa Christian Action*** beskikbaar:

- ***The Abortion Matrix*** is saamgestel en aangebied deur Eric Holmberg (samesteller van *Hell's Bells* en *The Final Frontier*) van die Apologetics Group.
- ***The Abortion Matrix*** DVD is ook beskikbaar vir R115 (plus posgeld) by Christian Liberty Books.

Email: admin@christianlibertybooks.co.za, of Tel/faks: +2721-689-7478, www.christianlibertybooks.co.za.

Ds. Slabbert Le Cornu



# Beplan jou roeping ...



Besighede en maatskappye spandeer dae en selfs maande aan beplanning. Hulle beplan alles tot die fynste besonderhede: personeelbestuur, finansies en selfs die bereiking van doelwitte. Dit is egter vreemd om geloof en beplanning met mekaar te vermeng.

Geloof is tog 'n gawe, ek kan nie geloofsgroei beplan nie? Tog wil ek graag hê dat my geloof binne die volgende maand moet groei.

Ek weet ook wat om te doen om in die geloof te groei: ek moet bid en ek moet Bybel lees. Dit is dinge wat jy kan beplan. Wanneer gaan ek tyd maak om te bid en wanneer gaan ek tyd maak om Bybel te lees?

Beplanning en uitvoering van 'n Christen se roeping moet ook 'n kernaspek van ons lewens wees. Dit is 'n aspek wat baie min aandag geniet. Calvyn sê dat die vermoë om te beplan deur die Here in die mens ingeblaas is. Hy gebruik die Latynse woord *Inspiritus,* wat geïnspireer of *deur die Gees ingegee* beteken.

Die mens se vermoë om te beplan is dus, volgens Calvyn, deur God se Gees in ons ingeblaas. In Lukas 14:28-30 lees ons: "*Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie? — sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot en sê: Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.*" As jy wil bou, moet jy mooi beplan en om goed te beplan, is baie oefening nodig.

## Roeping bestaan uit 'n opdrag, plek en tyd

God roep ons eerste om sy kinders te wees met die implikasies dat ons moet bou aan sy koninkryk op aarde. Ons kan dus sê dat die enigste opdrag of werk wat 'n Christen op aarde het, is om te bou aan die koninkryk van God. Hoe ons moet bou, is die verskillende aspekte van 'n mens se roeping.
Roeping bestaan uit drie dele:

- 'n opdrag
- 'n plek
- 'n tyd

God se roeping vir ons is partykeer baie duidelik. As God jou byvoorbeeld geroep het as sy kind, dan beteken dit nie jy hoef elke dag te wonder of jy sy kind is nie.

Partykeer is God se roeping ook baie onduidelik, byvoorbeeld as God jou roep om te trou, met wie moet jy trou? Daar staan nie in die Bybel geskryf wie jou huweliksmaat is nie. Daarom is dit belangrik om te bid dat die Heilige Gees wat in jou woon, God se roeping vir jou in jou hart sal werk.

Roeping is ook plek- en tyd-bepaald. Daarom is dit moontlik om ons roeping te beplan en uit te voer. Die Here roep jou om jou roeping op 'n spesifieke plek uit te voer, byvoorbeeld in die klaskamer, maar die Here roep jou ook op 'n sekere tyd, byvoorbeeld 9:00 in die klaskamer.

Roeping is dus nie iets wat vêr in die toekoms is nie. Dit is nou, hier, terwyl jy hierdie gedeelte lees. Om te illustreer hoe jy jou roeping kan beplan en kan uitvoer, gaan ek my eie roeping as voorbeeld gebruik.

## So beplan ek my roeping

*God het my geroep as sy kind*: Ek is uit genade deur Christus gered en geroep as God se kind. Dit het baie implikasies vir my lewe. Ek lewe in 'n verhouding met God en daarom moet ek luister na God deur sy Woord. Dus moet ek Bybel lees en ook my Bybelstudie beplan en tyd maak daarvoor.

As kind van God moet ek ook bid. Dit moet ook deel wees van my beplanning (natuurlik kan ons enige tyd bid, maar dit is altyd goed om ook tyd te maak vir gebed). Ek is deel van die liggaam van Christus (die kerk) en daarom moet ek ook saam met ander gelowiges die Here aanbid. Dus moet ek eredienste bywoon. Dit is deel van my beplanning.

Ek het ook die voorreg om as ouderling geroep te wees, wat weer ander verpligtinge vir my inhou soos huisbesoeke, vergaderings bywoon en die toesighouding oor die Woordverkondiging.

Al hierdie dinge moet deel wees van my week se beplanning.

## God het my geroep om te trou en om kinders te hê.

Ek kan nie elke dag opstaan en wonder of ek geroep is om te trou nie. Ek is reeds en daarom is my gesinslewe integraal deel van my roeping. Om saam met my gesin die Here te dien, dus huisgodsdiens, moet ook deel wees van my beplanning.

Die gesin gaan ook nie funksioneer as elkeen in die gesin nie sy deel van die take verrig nie, soos byvoorbeeld kosmaak, skottelgoedwas, grassny, vloere was, honde kos gee … .

Al hierdie dinge moet deel uitmaak van my week se beplanning, omdat dit deel is van my roeping.

## Die Here roep my as dosent

Die werk wat ek doen, is ook deel van my roeping. Die Here roep my ook om in die werk wat ek doen, sy koninkryk te bou.

Dus moet my werk as dosent goed en ywerig gedoen word. My werk moet daarom deel wees van my weeksbeplanning, met ander woorde op watter plek en watter tyd gaan ek wat doen?

## Die Here roep my liggaam, siel en gees

Die Here roep nie net ons siele nie. Die Here het ons liggaam, siel en gees gered. Daarom roep die Here my om my liggaam op te pas.

Dus roep die Here my om te oefen, gesond te eet en te rus. As ek nie my liggaam oppas nie, dan gaan ek nie my ander roepingstake effektief kan uitvoer nie. Daarom moet ek ook oefening en rus deel maak van my beplanning.

So kan elke persoon sy eie lys maak van sy roeping en ook wanneer en hoe hy of sy dit gaan uitvoer. Hoeveel keer gebeur dit nie dat ons vir dae en selfs maande nie uitkom by Bybelstudie, oefening of tuinwerk nie en die rede is, omdat ons dit nie deel van ons week se beplanning gemaak het nie.

Talle male beplan ons dinge maar ons kom ook nie daarby uit nie. Dit beteken dat ons beplanning nie effektief is nie.

Vra dus vir die Here dat Hy in ons hart sal werk dat ons effektief en reg sal beplan sodat ons ons roeping elke dag kan uitleef.

Morné Diedericks



# Gideon geroep (Rigters 6:1-32)



In die nood van Sy volk, stuur die HERE ‘n man met groot geestesgawes. In die veertig jaar van vrede het Israel weer begin doen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Die Here gee hulle weer oor in die mag van vyande. Hierdie keer is dit die Midianiete. Hulle het oos van Palestina gebly en was, as nakomelinge van Abraham en Ketura (Gen. 25:1-4), familie van Israel.

Nou gebruik God hulle om Sy volk te tugtig. Die Midianiete, bygestaan deur die Amalekiete, het jaarliks vir Israel rot en kaal besteel. Elke jaar as die oes reg is en van die land afgehaal word, kom stroop hulle die Israeliete se oes en roof hulle vee. Sewe jaar het dit aangehou. Geen wonder dat Israel baie arm geword het nie.

Die volk van die Herre was baie benoud en roep die Here aan. Hierna stuur die HERE eers ‘n profeet, wat die volk op sy sonde wys (6:7-10; vgl. 2:1-5). Daarna verskyn die Engel van die HERE aan die man wat Hy verkies het om as redder van die volk op te tree.

Dit is Gideon, die seun van Joas, uit die stam van Manasse (Jos. 17:2; 1 Kron. 7:18). Die Engel ontmoet hom onder die terpentynboom by Ofra, terwyl hy besig was om koring uit te slaan in die parskuip om dit teen die Midianiete te beveilig.

Gideon sit dus nie met gevoude hande nie, maar red wat gered kan word. Die Engel noem hom ‘n dapper held en sê dat Hy hom stuur om Israel uit die mag van die Midianiete te verlos.

Die beswaar van Gideon, dat hyself en sy geslag maar onbelangrike mense is wat nie veel sal kan doen om te help nie, word weerlê toe die Engel van die Here hom vertel: “*Ek sal met jou wees, sodat jy die Midianiete soos een man (= geheel) sal verslaan.*” Gideon verstaan toe dat dit nie ‘n gewone man is wat met hom praat nie en wil Hom daarom ‘n geskenk aanbied.

Die Engel van die HERE sê toe: “Ek sal bly totdat jy terugkom.”(6:18) Hierin sien ons hoe geduldig die HERE met gelowiges is deur hulle die geleentheid te gee om tot die insig te kom dat dit die HERE is wat met hulle praat. Dit is mos ‘n ontsaglike gebeurtenis in die lewe van ‘n mens.

As Gideon dan met sy geskenk terugkom, aanvaar sy Besoeker dit op ‘n besondere wyse (v. 20, 21), sodat Gideon nou seker is dat die ontmoeting ’n verskyning van God is. Hy skrik hewig daarvoor (Ex. 33:20), maar die HERE stel hom gerus. Toe bou Gideon daar ‘n altaar vir die HERE en noem dit: Die HERE is vrede.

In die nag wat op die Godsverskyning volg, kry Gideon opdrag van die HERE om die altaar van Baäl, wat aan sy vader behoort, af te breek. Dit was baie gewaagd, want almal het gedink hy sal die persoon wat dit gedoen het swaar straf. As Gideon dit doen, blyk dit dat sy vader tog nie so ’n groot Baäldienaar is as wat hy verwag het nie.

Hy kies kant vir sy seun se reformatoriese daad en daarmee vir die HERE. Gideon het hierna nog baie dapper dade uitgevoer en hy het teen die vyande van die Here groot oorwinnings behaal met ‘n baie klein weermag.

So gebruik die Here dikwels mense om take vir Hom uit te voer. Onthou, Hy roep elkeen van ons ook vir besondere werk in Sy Koninkryk.

Ds. Neil Prinsloo

# Onthou!

### Kronieke van Vroue- en Kinderlyding, 1899-1902

Saamgestel deur AWG Raath (Universiteit van die Vrystaat) en Elria Wessels (Oorlogsmuseum van die Boererepublieke)


*Onthou!* bied die leser 'n intense blik op die smartryke lyding van vroue en kinders in die Britse konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog.

Die boek is amptelik op 31 Mei 2012 bekendgestel en bestaan uit drie prominente dele. In die proloog word die ontstaan van die Britte se verskroeideaarde-beleid, wat onder meer die oprigting van konsentrasiekampe ingesluit het, sowel as die rol van die Pro-Boere-beweging in Brittanje, ondersoek.

Dit word opgevolg deur 20 hoofstukke waarin onder meer die geannoteerde verhale van meer as 30 vroue wat self die kampe beleef het, vertel word.

Die derde deel van die boek bevat 'n insiggewende geskiedenis van die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein wat vanjaar reeds 100 jaar oud sal wees. Die monument ter herinnering aan die nagenoeg 27 000 Boere-vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe oorlede is, is in Desember 1913 onthul.

Met meer as 200 foto's, waarvan nagenoeg 80% nog nooit voorheen gepubliseer is nie, is *Onthou!* 'n uitsonderlike versamelstuk. Dit is die vyfde boek in *Kraal Uitgewers* se *Erwe van ons Vaad're*-reeks.




Maak jou bestelling vroegtydig en spaar!

Dit is beskikbaar by Aletta Prinsloo @ N$520.

Kontak haar gerus (081) 376 6821



## Mielie-pap muffins...



*Wenk:* Die muffins is 'n blink plan as jy oorskietpap het. Gooi 'n hand of drie vol gebraaide spek of oorskiet-boerewors by en eet dit vir brekfis. Dis 'n geduldige resep dié.

## Saam met braaivleis!

Genoeg vir 6 porsies

**Jy benodig:**

2 koppies mieliemeel
4 koppies water
1 teelepel sout
3 eetlepels olyfolie of botter
2 eiers
2 hande vol kaas, gerasper
4 eetlepels gekapte vars kruie of 1 eetlepel droë kruie
1 teelepel rooipeper
1 teelepel paprika
1 koppie heel mieliepitte
6 sondroog-tamaties, gekap
12 kersietamaties, gehalveer

**Metode**

1. Voorverhit die oond tot 200 °C.
2. Maak eers die pap. Bring die water en sout tot kookpunt. Voeg die mieliemeel daarby en roer tot dit verdik. Laat dit met 'n deksel op prut vir 10 minute. Verwyder dit van die hitte en laat die pap afkoel.
3. Meng die res van die bestanddele saam en voeg die koue pap daarby.
4. Skep die mengsel in 'n gesmeerde muffinpan. Skep dit maar vol, want dit rys glad nie. Bak die muffins vir ongeveer 20 minute.

Cynthia de Smit

# Roeping in tye van teëspoed



Lees Genesis 32

## God roep ook in tye van teëspoed

As God roep, dan wil ons graag gehoorsaam wees. Soms is dit egter moeilik om roeping te herken en te erken. Soms ontken ons die pad wat die HERE Here met ons wil loop. Soms is roeping duideliker as ander kere.

Die moeilikste tye om roeping te herken, is in tye van teëspoed. God se roeping, sy opdragte en doel vir ons, stop nie as ons swaarkry nie. Dit gaan nie weg omdat ons beproef word nie. Selfs in tye van teëspoed, is roeping daar.

## Voorspoed en roeping

Wanneer ons geroep of gestuur word in tye van voorspoed is dit heel dikwels baie makliker. Wanneer ons egter geroep word in tye van beproewing, ervaar ons die gehoorsaamheid as ’n groter uitdaging.

Kom ek noem ’n paar eenvoudige voorbeelde: om jou tiende by te dra as dit finansieel goed gaan, is net soveel makliker om dit af te dra as dit swaar gaan. Om ’n sieke te besoek as jyself gesond is, is soveel makliker as wanneer jyself met siekte beproef word.

Dit is soveel makliker om vir iemand te bid as jy nie ’n las op jou eie skouers het nie, as wat dit is om voorbidding te doen met ’n eie las op jou skouers. Om jou werk getrou te doen, is soveel makliker as jy gelukkig is by jou werk en jou werk geniet.

In voorspoed is roeping dikwels vanselfsprekend, dit kom vanself, maar in tye van teëspoed is dit anders.

## Teëspoed en roeping

Getrouheid in ons roeping word juis getoets in tye van beproewing. Is ek steeds gewillige dienskneg en offer in die hand van God ook as die dae van beproewing daar is? Die lewe leer ons juis dikwels dat ons deur teëspoed meer roepingsgetrou kan wees juis omdat ons meer begrip het van waar en hoe God ons wil gebruik. Om deur teëspoed getrou te wees aan jou roeping beteken dat jy erken dat God jou steeds gebruik - ongeag wie en wat jy is. Dit bly altyd treffend dat God nooit volmaaktheid as ’n voorwaarde stel voordat Hy roep en stuur en ons gebruik nie. Inteendeel, gebrokenheid is dikwels die vanselfsprekende juis wanneer God stuur en gebruik.

## Jakob en sy worsteling

Jakob het by die Jabbokrivier met God geworstel. Vanweë hierdie worsteling is hy mank geslaan. Tog het God hom daarna meer gebruik as ooit vantevore, want hy was selfs in tye van stryd *met God* geroepe dienskneg *van God* gewees. Die belangrike wat ons moet leer by Jakob, is dat sy eie krag gebreek is en hy daarna sy roeping uitgevoer het in die krag van God.

## Ons en ons teëspoede en ons roeping

Beproewings en swaarkry vat nie ons roeping weg nie, maar breek dikwels ons eie krag en maak dat ons ons roeping uitleef in die krag van God. Daarom kan ons selfs in tye van swaarkry, getrou en ywerig wees in ons roeping. Die krag om ons roeping te volvoer kom juis dan van God. Ons moet juis getrou kan wees aan ons roeping, selfs as dit nie goed gaan nie!

Ds. Hannes Noëth